

Gereformeerde Kerk Bellville – 20 November 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 4-8:1, 2 (5:1, 2)

- | | |
|--|---|
| 1 Die Woord het vlees geword
en onder ons gewoon.
Ons het sy heerlikheid aanskou,
die van Gods eenige Soon; | 2 die heerlikheid van Hom
wat van die Vader kom,
wat vol genade en derenis
en vol van waarheid is. |
|--|---|

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Loflied: Psalm 96:1, 2 (p. 480)

- 1 Sing vir die HEER 'n nuwe lied! / Die aard' se verste perke/ moet jubel oor sy werke,
en Hom die lof en hulde bied; / moet uitroep en verwag / sy heil van dag tot dag.
- 2 Verkondig nou sy roem en eer / by al die nasies, onder / die volke: sterkte en wonder;
want groot, lofwaardig is die HEER. / Vreeslik in heerskappy / bo al die gode is Hy.

Gebed

Psalm 25:6, 8 (p. 117)

- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.
- 8 O my God, ontferm U oor my / in my diepe ongeluk;
eensaam is ek – o verhoor my! – / gans ellendig en in druk.
Om my heen, aan alle kant, / is die skrik van duisend dode;
laat dan, HEER, u regterhand / my verlos uit al my node.

Skriflesing: 1 Korintiërs 1:18-31; Heidelbergse Kategismus, Sondag 6

Kernvers: 1 Korintiërs 1:30

Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing.
(1 Korintiërs 1:30 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 16: Waarom moet hy 'n ware en regverdige mens wees?

Antwoord: Omdat die geregtigheid van God eis dat die menslike natuur wat gesondig het, vir die sonde moet betaal (a). Maar die mens wat self sondaar is, kan nie vir ander betaal nie (b).

(a) Eseg. 18:4, 20; Rom 5:18; 1 Kor 15:21; Heb 2:14-16. (b) Heb 7:26-27; Ps 49:8; 1 Pet 3:18.

Vraag 17: Waarom moet hy terselfdertyd ware God wees?

Antwoord: Om deur die krag van sy Godheid (a) die las van die toorn van God (b) aan sy mensheid te kon dra (c) en vir ons die geregtigheid en die lewe te kan verwerf en teruggee (d).

(a) Jes 9:5; 63:3. (b) Deut 4:24; Nah 1:6; Ps 130:3. (c) Jes 53:4, 11. (d) Jes 53:5, 11.

Vraag 18: Wie is hierdie Middelaar wat terselfdertyd ware God (a) en ware (b) regverdige mens is (c)?

Antwoord: Ons Here Jesus Christus (d), wat God vir ons tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing gegee het (e).

(a) 1 Joh 5:20; Rom 9:5; 8:3; Gal 4:4; Jes 9:6; Jer 23:6; Mal 3:1. (b) Luk 1:42; 2:6, 7; Rom 1:3; 9:5; Fil 2:7; Heb 2:14, 16, 17; 4:15. (c) Jes 53:9, 11; Jer 23:5; Luk 1:35; Joh 8:46; Heb 4:15; 7:26; 1 Pet 1:19; 2:22; 3:18. (d) 1 Tim 2:5; Matt 1:23; 1 Tim 3:16; Luk 2:11; Heb 2:9. (e) 1 Kor 1:30.

Vraag 19: Waaruit weet jy dit?

Antwoord: Uit die heilige evangelie, wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het (a). Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders (b) en profete (c) laat verkondig en deur die offers en ander seremonies van die wet laat uitbeeld (d). Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul (e).

(a) Gen 3:15. (b) Gen 22:18; 12:3; 49:10. (c) Jes 53; 42:1-4; 43:25; 49:5, 6, 22, 23; Jer 23:5, 6; 31:32, 33; 32:39-41; Miga 7:18-20; Hand 10:43; 3:22-24; Rom 1:2; Heb 1:1. (d) Heb 10:1, 7; Kol 2:17; Joh 5:46. (e) Rom 10:4; Gal 4:4; 3:24; Kol 2:17.

Tema: Jesus Christus dié Middelaar en Verlosser wat God skenk

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons volg die gesprek verder tussen die vraagsteller en sy gelowige vriend aan die hand van ons Heidelbergse Kategismus. Die laaste antwoord van die gelowige het die deur vir die vraagsteller oopgemaak om voort te gaan met die ondervraging. Aangesien die sondaar nie in staat is om self vir sy skuld by God te betaal en weer by God in genade aangeneem te word nie, en aangesien God geen ander skepsel in die plek vir die mens wil laat betaal nie, het die vraagsteller gevra: Hoe 'n middelaar en verlosser het ons sondaars dan nodig? Die vraagsteller het besef dat die middelaar en verlosser wat mense nodig het iemand besonders moet wees.

In sy antwoord op hierdie laaste vraag het die gelowige net die eienskappe gegee waarvan die middelaar en verlosser moet voldoen. Dit is drie eienskappe:

- Hy moet 'n ware mens wees.
- Hy moet 'n regverdige mens wees.
- Hy moet tegelykertyd God wees.

Met hierdie oop antwoord word die vraagsteller wat nog nie die troos het om aan Jesus Christus te behoort nie eintlik aangespoor om met hierdie antwoord sy volgende vrae te begin. En dit is wat hy inderdaad doen in Sondag 6 se eerste twee vrae.

Broers, susters en kinders, om voort te gaan in hierdie gesprek met die vraagsteller moet ons net eers weer mooi kyk na vraag 12. Die vraag is: Hoe kan ons sondaars van God se regverdige straf bevry en weer in genade aangeneem word? Uit die vraag hoor ons twee dinge wat ek graag met 'n beeld wil verduidelik. As sondaars is mense in werklikheid toegesluit binne-in die tronk van sonde. Die enigste manier om uit die tronk uit te kom is wanneer iemand in die sondaars se plek die straf sal dra. Dit is die eerste deel van die vraag – hoe die sondaar van God se regverdige straf bevry kan word.

Wanneer die sondaar nou uit hierdie tronk bevry is omdat iemand anders sy straf gedra het, beteken dit nie dat hy nou outomaties weer in die paleis van die koning toegelaat word nie. Hierdie sondaar het nog tronkklere aan en die koning laat mense in sy paleis toe net wanneer hulle bruijofsklere aan het. Hierdie bruijofsklere is die gehoorsaamheid wat God as Koning verlang van die mens – dit is volmaakte liefde vir God en liefde vir die naaste. En nou weet ons mos dat die sondaar nie in staat is om hierdie gehoorsaamheid te vol-

bring nie, want hy is in sy diepste wese van nature 'n sondaar. Dus moet iemand anders ook nog in sy plek volmaakte gehoorsaamheid aan God bewys wat God dan weer aan die verlore sondaar gee sodat hy die bruilofsklere kan hê om in die paleis in te kom.

Ons middelaar en verlosser moet dus die straf vir sondaars dra sowel as volmaakte gehoorsaamheid aan God bewys, wat God dan in genade aan hulle skenk sodat hulle in genade aangeneem kan word. Ons middelaar moet dus 'n ware mens wees om twee redes.

Eerstens moet hy 'n ware mens wees sodat hy die straf op die sonde kan dra. In Sondag 5 het ons al gehoor dat die Here nie 'n ander skepsel in die plek van die mens wil straf nie. Dit is nie beeste en bokke wat teen God gesondig het nie. Die mens het teen God gesondig. Daarom eis God dat die menslike natuur wat gesondig het vir die sonde moet betaal.

Ons middelaar en verlosser moet nie net die straf dra nie. Hy moet as ware mens in die tweede plek ook volmaakte gehoorsaamheid aan God bewys. Daarom moet hy 'n ware mens wees. God het tog met die mens in 'n besondere verhouding van Vader en kind getree en nie met diere nie. Diere se gehoorsaamheid aan God is instink. 'n Hond gehoorsaam sy eienaar omdat dit sy eienaar is wat hom versorg en nie omdat hy liefde vir sy eienaar het nie. God verwag gehoorsaamheid van die mens nie omdat dit die instink van die mens is nie, maar omdat die mens God liefhet met hart, siel en verstand. Daar is geen ander skepsel op aarde wat uit liefde volmaakte gehoorsaamheid aan God kan bewys nie.

Dit is nie goed genoeg as ons middelaar en verlosser 'n ware mens is nie. Hy moet ook 'n regverdige mens wees om twee redes.

Eerstens moet hy 'n regverdige mens wees sodat hy vir die sondes van mense kan betaal. 'n Regverdige mens is iemand wat geen sondes gedoen het nie en ook nie eers 'n sondige natuur het nie. Ons weet egter dat alle mense deur die bank sondaars is, want hulle word in sonde ontvang en gebore. Dus is alle mense skuldenaars voor God. Iemand wat self in die skuld is, kan tog nie iemand anders uit sy skuld uit help nie. In aansluiting by wat ons die gelowige hoor antwoord het in vraag en antwoord 13 is alle mense eintlik bankkrot wanneer dit by sondeskuld kom. Geen mens kan vir sy eie skuld betaal nie omdat hy elke dag sy skuld net meer maak. Daarom moet ons verlosser en middelaar iemand wees wat regtig geen skuld het nie omdat hy geen sondes doen of gedoen het nie. en hy moet ook nie die geaardheid hê om skuld te maak nie. Dit wil sê, hy moenie 'n sondige natuur hê nie. Hy moet regverdig wees.

Tweedens moet ons middelaar en verlosser 'n regverdige mens wees sodat hy aan die volmaakte eis van God se wet kan voldoen. Die sondaar is weens sy sonde onbekwaam, want sy sonde is nie net iets wat hy doen nie. Sy sonde is met sy hele menswees verweef. Dit is sy geaardheid om sonde te doen. Slegs 'n regverdige mens – iemand wat nie geneig is om sonde te doen nie omdat hy nie 'n sondige geaardheid het nie – sal volmaakte gehoorsaamheid aan God kan bewys.

Tot dusver het die vraagsteller gehoor van twee van die drie eienskappe wat ons middelaar en verlosser moet hê. Maar afgesien daarvan dat hy 'n ware, regverdige mens moet wees, moet hy tegelykertyd ook ware God wees. Nou praat ons van dinge waarvoor baie mense frons en daar in die geskiedenis van die Here se kerk baie stryd was. Die stryd was so erg dat die Heilige Gees die kerk van Jesus Christus gelei het om vanuit die Skrif belydenisse te formuleer oor die twee nature van Christus – sy menslike natuur en sy Goddelike natuur. Nou moet 'n gelowige versigtig wees om nie die vraagsteller

deurmekaar te maak nie. Oor hoe dit kan wees dat ons Verlosser en Middelaar – Jesus Christus – tegelykertyd mens én God kan wees, sal ons meer sê wanneer ons by Sondag 14 kom. Vir eers moet die gelowige aan die vraagsteller verduidelik hoekom dit noodsaaklik is dat die verlosser en middelaar ware God moet wees.

Ons middelaar en verlosser moet ware God wees sodat sy Godheid aan sy menslike natuur die krag kan verleen om die las van die toorn van God te dra. Hy moet dus ware God wees om sterk genoeg te wees om die toorn van God te kan dra. Die las van God se toorn teen die sonde van almal wat deur God uitverkies is tot die ewige lewe is heeltemal te swaar dat 'n ware, regverdige mens dit sal kan dra.

Om dit duidelik te maak, luister hierna: Kom ons neem die volle getal van God se uitverkorenes soos wat dit simbolies in die boek Openbaring genoem word – 144 000. As iemand dan nou in die plek van die uitverkorenes gestraf moet word en elke uitverkorene word tot veertig houes met 'n rottang gevonnies, beteken dit dat hierdie een persoon 144 000 maal 40 houes sal moet kry. In totaal is dit baie meer as vyf miljoen houes. Dit is amper ses miljoen houes. Geen mens sal so 'n straf kan uitstaan nie. Hy sal sterf lank voordat die laaste houes geval het. Daarom moet ons verlosser ware God wees sodat hy sy mensheid kan versterk om die las van God se toorn te dra.

Nou moet ons verder oplet dat die gelowige aan die vraagsteller vertel dat ons een middelaar en verlosser soek. Dit beteken dat hierdie een middelaar en verlosser se lewe die waarde moet hê van al die uitverkorenes van God. God moet een iemand se betaling ontvang vir die sondes van elke lieue uitverkorene van God. En hoeveel uitverkorenes het God? Daardie getal het ons nie. Johannes skryf in die boek Openbaring dat hulle te veel is om te tel (Op 7:9). Net 'n middelaar wat ook ware God is se waarde sal genoeg wees vir so baie uitverkorenes.

In ons Dordtse Leerreëls bely ons immers dat die dood van Christus oneindige krag en waarde het, oorvloedig genoeg om die sondes van die hele wêreld te versoen. En sy dood het so 'n groot krag en waarde omdat Hy 'n ware en volkome heilige mens is en tegelykertyd die eniggebore Seun van God.

Na aanleiding van hierdie verduideliking vra die vraagsteller reguit: Wie is hierdie Middelaar wat tegelykertyd ware God en ware, regverdige mens is? Hy is ons Here Jesus Christus wat God vir ons gegee het tot wysheid, geregtigheid, heiligmaking en volkome verlossing. Hierdie woorde kom uit 1 Korintiërs 1:30.

Om te weet wat Christus vir ons beteken moet ons by elkeen van hierdie sake eers stilstaan. Die woord *wysheid* in 1 Korintiërs 1:30 staan teenoor vers 23 waar Christus wat gekruisig is, genoem word 'n **struikelblok vir die Jode en 'n dwaasheid vir die Grieke** (1 Korintiërs 1:23 AFR53). Die sogenaamde wysheid van hierdie wêreld – dit is alle menslike wysheid – is niks anders as dwaasheid wanneer dit van Christus losgemaak word. Dit is 'n dwaasheid om twee redes:

- Menslike wysheid losgemaak van Christus is net op hierdie lewe gerig en beteken vir ons niks as ons voor die regterstoel van God verskyn nie.
- Menslike wysheid losgemaak van Christus kan op die diepste lewensvrae geen antwoorde gee nie. Kan die ontdekker van atoomkrag of die uitvinder van 'n geneesmiddel vir vigs my met sy kennis troos as ek by die oop graf van 'n geliefde staan soos Christus my daar kan troos?

Christus is waarlik tot wysheid vir ons gegee sodat ons voor die regterstoel van God kan verskyn en ons broers en susters kan vertroos met die woorde en werke van Christus.

Hy is ook ons geregtigheid of vryspraak. Menslike geregtigheid is dikwels die verskriklikste onreg. Onder die naam van geregtigheid word die dood van ongebore babatjies deur aborsie verswyg of goedgepraat. En onder dieselfde naam van geregtigheid word 'n groot bohaai opgeskop as daar gevra word dat 'n reeksmoordenaar die doodstraf moet kry. Dan word die doodmaak van 'n mens as die grootste onreg beskou.

Teenoor hierdie wêreldse geregtigheid staan Christus se geregtigheid. As ons nie deel kry aan Christus se geregtigheid nie, is daar geen manier dat ons voor die regterstoel van God kan verskyn en bly lewe nie. Omdat die Heilige Gees Christus se geregtigheid ons eiendom maak, word ons deur God vrygespreek van alle sondes wat ons gehad of gedoen het. En hierdie weldaad van God aan my verplig my om ook regverdig teenoor my medemens – vriend en vyand – op te tree.

Die wysheid wat van God kom, het in Christus na ons toe gekom. Hy is ook vir ons die heiligmaking. Die wêreld waarin ons bly en ons self is onheilig, onrein en besmet. Om voor God te kan verskyn en bly lewe moet ons van hierdie onheiligheid bevry word. Dit gebeur alleen deur die geloof wat ons aan en in Christus verbind soos ranke aan die wingerdstok. Die Heilige Gees laat ons vanuit Christus deel kry aan sy heiligheid wat Hy vir ons verwerf het. Deur sy Gees is Christus daaglik besig om ons heilig te maak. Hierdie heiligmaking sluit in dat ek elke dag die ou mens in my meer en meer doodmaak en begrawe. En die Gees wek in my die nuwe mens op wat gehoorsaam buig onder die gesag van Christus my Koning.

Geliefdes, omdat ons aan die wysheid, geregtigheid en heiligheid van Christus deel het, het ons die versekering dat Christus ons volkome verlos het. Dit is immers net Hy wat waarlik mens en waarlik God is wat hierdie verlossing en al die gawes van genade kan gee. Net Hy is ons Middelaar, Verlosser en Skeidsregter tussen God en ons.

In Sondag 6 bring die Heilige Gees ons by die hoogtepunt en die hart van ons Christelike geloof. Die vraagsteller het gevra: Wat moet ek doen om gered te word? En God het self geantwoord:

Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.
(Johannes 1:29 AFR83)

Maar ons God en Vader weet ook dat alle mense nie aan hierdie waarheid wil vashou nie. En hulle sal probeer om die gelowiges te laat twyfel of Christus waarlik die enigste Middelaar is en of Hy werklik ons Middelaar is. Daarom word hierdie laaste vraag wat ongelowiges sal vra tot ons gerig: **Waaruit weet jy** dat Christus waarlik God en waarlik mens is? Dan lei die Heilige Gees ons om te bely: **Uit die heilige evangelie wat God self aanvanklik in die paradys bekend gemaak het. Daarna het Hy dit deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offers en seremonies van die wet laat uitbeeld. Eindelik het Hy dit deur sy eniggebore Seun vervul.**

Daarom, liewe broers, susters en kinders, moenie skrik vir die mense wat Christus Jesus net as 'n blote mens wil sien nie. Moenie skrik vir hulle wat ons van die genade van God probeer beroof nie. God, die waaragtige Getuie, getuig self in die Bybel dat Jesus Christus die Middelaar is na wie ons soek. Hy is waarlik God en waarlik mens.

Amen!

Slotgebed

Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die ewige son / wat afstraal in ons oë.
HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë:
laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe!
Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap
van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
20 November 2016